NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
POTCHEFSTROOMKAMPUS

REGISTRASIE 2011
POTCHEFSTROOMKAMPUS

1. FINANSIËLE REËLINGS

Vergemaklik u 2011-registrasie deur vroegtydig (Desember 2010 of Januarie 2011) u minimum betaalbare gelde in die Universiteit se bankrekenings in te betaal. Maak ook seker dat u uitstaande Universiteitsrekening van 2010 ten volle vereffen is, want u sal nie toegelaat word om te registreer vir 2011 indien daar nog enige 2010-gelde uitstaande is nie. Let ook daarop dat daar GEEN uitstel op die betaling van die minimum betaalbare gelde vir 2011 gegee sal word nie. Indien 'n student se studies deur middel van 'n beurs of lening gefinansier word, moet die skriftelike bewys daarvan jaarliks tydens registrasie voorgelê word. Die skriftelike bewys, wat 'n amptelike onderneming vir betaling insluit en geteken moet wees, moet 'n uiteensetting gee waarvoor die beurs- of leningsbedrae aangewend mag word, asook wanneer die uitbetaling daarvan sal geskied. As u dus van 'n beurs of lening gebruik maak om u studies te finansier, moet u reeds vroegtydig by die betrokke instansie aansoek doen. Die Invorderingsafdeling van die Universiteit kan gekontak word by (018) 299 2662/2663/2664 of per e-pos by PUK-invorder@nwu.ac.za in die verband. Meer inligting is beskikbaar in die volledige boekie "Betaalbare Gelde & Finansiële Reëls 2011" wat beskikbaar is by ons kantore of op die Universiteit se webwerf by www.puk.ac.za/gelde

VERPLIGTE 1STE MINIMUM BETAALBARE BEDRAE VIR 2011	Koshuis studente	Dorp studente	Af-kampus studente
Eerste betaling op klasgeld	4,400	4,400	4,400
Eerste betaling op losiesgeld	4,000	-	-
Registrasiegelde	1,000	1,000	1,000
Etes tydens O&B* (Verpligtend vir koshuiseerstejaars)	700	-	-
Verpligte 1ste minimum betaling	10,100	5,400	5,400
Aanbevole inbetaling vir etes (Februarie & Maart 2011)**	2,100	2,100	-
Totaal, onderhewig aan goedkeuring van die raad.	12,300	7,500	5,400

* Ontvangs- en Bekendstellingsprogram vir eerstejaarstudente. Dorpstudente moet self vir etes voorsien.

** Nie verpligtend nie. Etes word streng op 'n kontantbasis by die Universiteit hanteer. Dit beteken dus dat u slegs dit wat u op u Eterekening inbetaal het, beskikbaar het vir aankope. ***Geen krediet*** sal toegestaan word vir etes nie! Etes bereken teen R70 per dag vir 170 akademiese dae, beloop ongeveer R11,900 per jaar, of R1,400 per maand. .***Hierdie is slegs 'n beraming!***

BETALINGSOPSIES VIR KLAS-, LOSIESGELD & ANDER GELDE

'n Direkte bankdeposito of elektroniese inbetaling kan gemaak word in enige een van die Noordwes-Universiteit se bankrekenings by ABSA, Eerste Nasionale Bank, Nedbank of Standard Bank. By ABSA se Rekeningbetalings, ENB se Public Recipients, Nedbank se Bank-Approved beneficiaries of Standard Bank se Companies moet die rekening naam "NWU STUDENT" gekies word vanuit u bank se lys van begunstigdes. Slegs die *8-syfer-universiteitsnommer* sal as begunstigdeverwysing aanvaar word. Die onderskeie rekeningnommers is: ABSA 40-7009-9350, tak 632-005, ENB 6216-190-7335, tak 240-438, Nedbank 1713-378-531, tak 171-338, Standard Bank 33-038-446-5, tak 052-838. Indien u sou steeds verkies om 'n betalingsbewys te stuur, faks dit na (018) 293 5210 of e-pos dit na PUK-bankdeposit@nwu.ac.za. Gelde kan ook steeds by die kassier in die Joon van Rooy-gebou vanaf 08:00 tot 15:30 weeksdae inbetaal word.

2. PROSEDURE

Die Registrasievorm en kurrikulumkontrolevorm moet deur 'n fakulteitsadviseur nagegaan en onderteken word. Hierdie vorm moet tydens registrasie ingehandig word. Na registrasie meld studente by die Verspreidingsentrum aan waar studiemateriaal uitgereik sal word. Senior studente wat vir geleentheidstudie (Nie-graaddoeleindes) wil registreer moet elke jaar by die onderskeie fakulteite toestemming kry om studies voort te sit en moet met 'n goedgekeurde versoekvorm by die Toelatingsafdeling (F20) aanmeld voordat hulle toegelaat sal word om te registreer.

3. DOKUMENTASIE BENODIG VIR REGISTRASIE

Registrasievorm. kurrikulumkontrolevorm en u bewys van betaling indien u vooraf gelde inbetaal het.

4. LAAT REGISTRASIE

Indien laat registrasie na 5 Februarie 2011 toegestaan word, sal 'n bedrag van R500 as laat registrasiefooi gehef word.

5. MODULE- / KURRIKULUM- / KWALIFIKASIEWYSIGINGS

Wysigings vind plaas tussen Maandag, 7 Februarie en Vrydag, 18 Februarie 2011.

6. AANVANG VAN LESINGS

7 Februarie 2011

7. VOORGRAADSE EERSTEJAARSTUDENTE

7.1 Kurrikulumvoorligting en kontrole:

Datum: Vrydag 21 Januarie, Maandag 24 Januarie & Dinsdag 25 Januarie 2011

Raadpleeg die PUK-gids 2011 vir besonderhede. NB: 1ste jaars wat van studierigting wil verander, moet by die Toelatingskantoor (F20) tussen 21 - 25 Januarie aanmeld en kan in die registrasietydperk 26 - 28 Januarie of 29 Januarie - 5 Februarie in fakulteitsverband registreer.

7.2 Registrasie: Datum & Tyd: Woensdag 26 – Vrydag 28 Januarie: 08:00 – 16:30

8. SENIOR VOORGRAADSE EN HONNEURS STUDENTE: Voltyds & deeltyds asook oorskakelaars vanaf ander tersiêre instellings. Hons BEd en TL uitgesluit Honneurs BEd studente registreer op Saterdag 22 Januarie en TL studente in die periode 17-31 Januarie

8.1 Seniors ontmoet Dekane, Fakulteitsadviseurs en Skooldirekteure in lokale soos aangedui. Die volgende dokumente sal op die geskeduleerde dae aan die studente, in die lokale uitgedeel word:

- Registrasievorm & kurrikulumkontrolevorm en 'n fakulteitsadviseurslys ;
- Lesingrooster en lokaalinligting: Webadres: www.puk.ac.za/akawww/rooster/klas

8.2 Kurrikulumvoorligting, -kontrole & registrasie NB ***Kurrikulumkontrole en registrasie vind nie noodwendig op dieselfde dag plaas nie***

FAKULTEIT	KURRIKULUMKONTROLE		REGISTRASIE (Joon van Rooygebou tensy anders aangedui)	
Lettere & Wysbegeerte (Voorgraads & Honneurs)	Ma 31 Januarie	08:00 - 15:00	Ma 31 Januarie (groep 1)	8:00 – 16:30
	Afhaal van registrasievorms Joon van Rooy gebou, lokaal G07 Slegs studente wat registreer vir BA Kommunikasie			
	Di 1 Februarie	08:00 - 15:00	Dins 1 Februarie (groep 2)	8:00 – 16:30
	Afhaal van registrasievorms Joon van Rooy gebou, lokaal G07 Slegs studente wat registreer vir BA Grafiese Ontwerp			
	Wo 2 Februarie	08:00 - 15:00	Wo 2 Februarie (groep 3)	8:00 – 16:30
	Afhaal van registrasievorms Joon van Rooy gebou, lokaal G07 Slegs studente wat registreer vir BA Geesteswetenskappe (alle kurrikulums), Kwalifikasies in die Skool vir Tale en die Skool vir Musiek			
	Do 3 Februarie	08:00 - 15:00	Do 3 Februarie (groep 4)	8:00 – 16:30
	Afhaal van registrasievorms Joon van Rooy gebou, lokaal G07 Slegs studente wat registreer vir BA Ontwikkeling & Bestuur (alle kurrikulums). BA Gedragswetenskappe, B SocSc (alle kurrikulums), BA Erfenis- en Kultuurtoerismebestuur			
Natuurwetenskappe (Voorgraads & Honneurs)	Ma 31 Januarie * NW gebou (Portaal voor NW204)	08:00 – 11:00	Ma 31 Januarie	08:00-16:30
Teologie - BTh, BA PBP, Hons BTh, Hons BA in Bybeltale/ Latyn	Vr 4 Februarie Sien kennisgewing by Teologiese skool	08:00 - 10:00	Vr. 4 Februarie	10:00 –12:00
Hons BA in Teologie	Vr 21 Januarie Teologiese Skool – K110	08:00 – 10:00	Vr 21 Januarie	10:00–12:00
Opvoedingswetenskappe (Voorgraads) (Honneurs BEd kurrikulumkontrole in F2 en F3 en registrasie in F1: Saterdag, 22 Januarie)	Di 1 Februarie Gebou C06, lokale sal aangedui word. (BEd 2de jaars)	08:00 – 16:00	Di 1 Februarie (groep 1) Gebou C6 lokale sal aangedui word, (BEd 2de jaars)	8:00 – 16:00
	Wo 2 Februarie Gebou C06, lokale sal aangedui word (BEd 3de jaars)	08:00 – 16:00	Wo 2 Februarie (groep 2) Gebou C6 lokale sal aangedui word, (BEd 3de jaars)	8:00 – 16:00
	Do 3 Februarie Gebou C06, lokale sal aangedui word(BEd 4de jaars) + NGOS in De La Rey saal	08:00 – 16:00	Do 3 Februarie (groep 3) Gebou C6 lokale sal aangedui word (BEd 4de jaars + NGOS)	8:00 – 16:00
Ekonomiese & Bestuurswetenskappe (Voorgraads & Honneurs)	Voorgraadse studente van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe kan 10 – 30 Januarie 2011 tuis op die web registreer. (In die week van 31 Januarie – 3 Februarie per internet op die kampus self in die Bib rekenaarlokaal:) http://www.nwu.ac.za/admin/index_a.html			
	Ma 31 Jan, Di 1 Feb, Wo 2 Feb en Do 3 Feb: • Afhaal registrasiedokumente elke oggend van 8:00-10:00 in die suid-portaal van die EW-gebou E3. • Elke dag algemene voorligting in G20 in die EW-gebou: 10:00 – 11:00 • Nadat u 'n sessie in G20 bygewoon het kan uself per internet (WEB) registreer in die Bib se Rekenaarlokaal. Vir diegene wat onseker is of probleme ondervind om op die WEB te registreer sal daar daagliks van Ma tot Do om 15:30 in die Bib-lokaal 'n stap vir stap verduideliking gegee word oor hoe die WEB-registrasie gedoen moet word. Die Bib sluit 17:00			
BCom Regte uitgesluit	Vry 4 Feb. - Alle studente wat kurrikulums wil wysig en studente wat nie vroeër op die WEB kon registreer nie: • Afhaal registrasiedokument e 8:00 – 9:00 • Algemene voorligting in lokaal G20: 9:00 – 10:00 • Kurrikulumkontrole deur fakulteitsadviseurs in lokale wat aangedui sal word: 10:00 – 11:00		Vr 4 Feb. Registreer by Administrasie, Joon van Rooy-gebou, F1 Sa 5 Feb Registreer by Administrasie, Joon van Rooy-gebou, F1	11:00 – 16:30 9:00 – 12:00
Regte Studente wat registreer vir LLB, BA met regsvakke en BCom regte	Ma 31 Januarie en Di, 1 Februarie	8:00 - 15:30	Di. 1 Februarie	8:00 – 16:30
	31 Januarie: Uitdeel van registrasiedokumente 7:30, G42 Dawie Du Plessis LLB 2de en 3de jaars & BA Regte2de en 3de jaars Voorligtingsessie: G42 8:30-9:30 LLB 2de en 3de jaars, G42 10:00-11:00 BA Regte2de en 3de jaars Kurrikulumkontrole in G37 - G41 JCC E8 1 Februarie: Uitdeel van registrasiedokumente 7:30, G42 Dawie Du Plessis LLB 4de jaars & BCom Regte2de en 3de jaars - Voorligtingsessie: 8:30-9:30 in G42 BCom Regte2de en 3de jaars, 10:00-11:00 in G42 LLB 4de jaars Kurrikulumkontrole in lokale G37 - G41 JCC E8			
Ingenieurswese (Voorgraads & Honneurs)	Vr 28 Januarie Meld by skool aan: Chemies - G10; E/E/R - G4 en Meg - G15	8:00 - 15:30	Sat 29 Januarie Geen kurrikulumkontrole	8:00 – 13:00
Gesondheidswetenskappe (Voorgraads & Honneurs)	Wo 2 Februarie	08:00 - 15:00	Wo 2 Februarie	8:00 – 16:30
	Uitdeel van registrasiedokumente en kurrikulumkontrole: Farmasie (G16 Foyer), Verpleegkunde (F8, Lokaal G02), Fisiologie (F12, lokaal G12), Dieet-/ Voedingkunde & Voeding en Fisiologie (G16, Lokaal 237 of Lokaal 151 vir studente wat modules herhaal), Verbruikerswetenskappe (F15, Lokaal L2)			
	Do 3 Februarie	08:00 - 15:00	Do 3 Februarie	8:00 – 16:30
	Uitdeel van registrasiedokumente en kurrikulumkontrole: Diploma in Sportkunde (K21, Lokaal 217), Menslike Bewegingskunde / Sportwetenskappe/Biokinetika /Kinderkinetika (K21–HPI gebou), Rekreasiekunde (K3) Psigologie & / MaatskaplikeWerk (E8–Foyer)			
Alle fakulteite (Slegs Honneurs) (Hons BEd uitgesluit)	Hons studente wat nie op fakulteitsgeskeduleerde dae kon registreer nie	Geen	Sa 5 Februarie	09:00-12:00
Kwalifikasie / modulewysigings	Ma 7 – Vry 18 Februarie 2011			8:00 - 16:00